

Sing vooraf staande: Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Gebed

Skrifberyming 5-2:4 (7:4)

- 2 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,
die straf uit swaarste regsding, / wat ons die volle vrede bring,
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.

Skriflesing: Lukas 24:13-35

Teks: Lukas 24: 26; Kategismus Sondag 15

Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie?
(Lukas 24:26 AFR1953)

Daar is baie mense wat Jesus net wil bely as die God van heerlijkheid.

- Hulle wil van sy lyding en al die vernedering wat Hy as mens deurgemaak het, niks weet nie.
- Dit is duidelik dat hierdie mense van die begin af nie beseft het wat hulle weerstand teen die Messias en al die lyde wat Hy aan die kruis deurgemaak het, veroorsaak nie.

Mens sou kon sê die hoofdwaling van sulke mense is dat hulle die raadsplan van God ten opsigte van die koms van Christus nie wil aanvaar soos wat God dit laat gebeur het nie.

- Daar was en is 'n verzet teen die lyde van Christus.
- Hulle sien nie kans vir 'n Verlosser wat moes ly en deur mense verag moes word nie.
- Dit het aanleiding gegee daartoe dat Jesus deur baie verwerp is – wat natuurlik sy lyde en smarte vererger het.

Ons gee vanaand aandag aan die volgende aspekte van Jesus se lyding:

1. Wat was die omvang van Jesus se lyde?

2. Wat was die doel van die lyding van Jesus Christus?

3. Die Goddelike reg in die lyde van Christus

1. Wat was die omvang van Jesus se lyde?

Die gedeelte wat ons saam gelees het, vertel wat gebeur het na Jesus se dood.

- Die Emmausgangers het geloop en worstel met die saak van Jesus se lyding.
- Hulle het so gehoop dat Jesus hulle sou verlos, maar Hy het nie.
- Daardie dag was al die derde dag na sy dood.

Dis waaroor hulle gesprek gegaan het.

- Hulle verwagte Koning, op wie alle hoop gevestig was, is dood.
- Hy is gekruisig.

Die Here Jesus se liggaamlike lyding is in Psalm 22:15-17 al duidelik voorspel. Dit het presies so gebeur:

Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande. My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood. Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en voete deurgrawe. (Psalm 22:15-17 AFR1953)

Gaan ons na ons belydenisskrifte toe, dan sien ons dat daar 'n baie wye omskrywing gegee word van Christus se lyde.

- Dit het letterlik sy hele menslike natuur ingesluit – sy liggaam en sy siel.
- Ons bely dus *dat Hy met liggaam en siel ... die toorn van God ... gedra het.*

Die pyn van iemand wat aan die kruishout hang, kan onmiskenbaar gehoor word in hierdie woorde.

- Selfs die Romeinse soldate rondom die kruis word beskryf in die woord *honde* wat Hom omsingel (*hond* is die algemene woord wat in die Nuwe Testament gebruik word vir die heidene).
- Afgesien van wat hier beskryf word, dink net aan die volgende liggaamlike lyding wat Hy net op daardie dag deurgemaak het:
 - Hy het uitgeput geraak van die pyn.
 - Hy is geysel, en dan ook nog die penne deur sy hande en bene.
 - Hy is met die vuis in die gesig geslaan.
 - Hy het daar in die son gehang.
 - Hy het geweldig dors geword.

Wie van ons sal soveel ononderbroke pyn verduur sonder om ons geloof te verloor?

Dan was daar nog sy sielelyding wat Hy moes verduur.

- Nie net pyn omdat die gelowiges Hom verwerp het nie.
- Ook die veragting van die mense wat rondom die kruis gestaan het.

Hy het absoluut vernederd daar gehang. Hy is bespot:

- Eers net deur sy vervolgers,
- maar later in sy sterwensoomblikke ook deur een van sy medekruiselinges.

Dit was asof die Satan die kruisdood wou gebruik om aan die mense voor te gee dat Jesus geen God is nie, want Hy sterf dan voor hulle oë.

Dis asof hy die spot van die mense en die kruis wou gebruik om alle tekens van Jesus se Middelaarskap en Verlosserskap dood te vee.

Hierdie haat was dus deel van Jesus se sielelyding.

Die Here Jesus se lewe eindig dus voor die oë van die mense heeltemal teenoorgesteld van wat van Hom geprofeteer is.

- In plaas daarvan dat Hy as Koning van die ewigheid voor hulle staan, sterf Hy as die karikatuurkoning met die doringkroon.
- In aansluiting daarmee verloën Petrus Hom –
 - Petrus wat Hom vroeër bely het as die Christus, die Seun van die lewende God.
 - Petrus wat bereid moes wees om Jesus onder hierdie omstandighede in sy Goddelike krag en glorie te verkondig, ontken dat hy Jesus hoegenaamd ken.

Dit was maar net die lyding om die kruis. Maar dit was nie die enigste lyding wat die Here Jesus gedra het nie.

- Sy lyding het sy hele lewe lank geduur – aan die begin was die intensiteit daarvan net laer.
- Hoe nader die kruis gekom het, hoe strawwer was die lyding, totdat die dieptepunt aan die kruis bereik is.
 - Die toorn van God het al hoe afmattender op Jesus ingewerk.
 - Die spanning wat Hy moes dra tot redding van die uitverkorenes het al hoe meer en meer toegeneem.

Die lyding word dik onderstreep deur die feit dat Jesus Christus die toorn van God teen die sondes van die hele menslike geslag moes dra. As u 'n idee wil kry van hoe erg dit was, maak net 'n rekeningstaat van u eie sondes.

- Om mee te begin het ons aangebore sondes.
- Daarby pleeg ons elke dag sondes. Dit is dinge wat ons doen, sê en dink.

Die straf daarvoor kan nie lig wees nie, want geen mens kan dit oorleef nie. Dink dan wat Christus moes deurmaak, want Hy moes dit dra vir ons almal.

2. Wat was die doel van die lyding van die Here Jesus Christus?

In die ampswerk van die Here Jesus is daar iets eenaardigs.

- Ons kan Jesus gedeeltelik in sy Profeetskap volg,
 - want ons kan ook God se Woord verkondig onder die leiding van die Heilige Gees.
 - Ons kan ook Skrifuitleg doen – al het ons bepaalde beperkinge.
- Dieselfde is ook waar van Jesus se Koningskap.
 - Ons kan gedeeltelik heers oor die skepping.
 - En ons kan heers oor die sonde – deur die kruis en die werking van die Heilige Gees.

Maar ons kan Christus nie volg in sy Hoëpriesterskap nie, want ons kan niemand se sondes met God versoen nie.

- Die doel van die Here Jesus Christus se lyding was dat Hy Homself as soenoffer kon aanbied in ons plek – sodat ons daardeur van die ewige verdoemenis verlos kon word.
- Dit gaan dus oor Jesus se priesterswerk en dan spesifiek daarvoor dat Hy Homself moes offer.
- Dit alles was sodat Hy met 'n volmaakte offer die ewige lewe en verlossing vir die uitverkorenes kon verwerf.

Dink aan die beskrywing daarvan in Jesaja 53:4, 5:

Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. (Jesaja 53:4, 5 AFR1953)

Die feit dat Jesus as Borg vir ons sondes moes ly, onderskei Hom van ons.

- *Ons maak ook smarte en beproewinge deur, maar dit kom met 'n heeltemal ander doel oor ons: In ons geval is dit om te kyk hoe sterk ons geloof is.*
- *Ons verlos nie ander mense daarmee van die toorn van God nie.*

Die Bybel het verskillende beskrywings vir hierdie verlossingswerk:

- Efesiërs 1:6 sê dat die Here Jesus vir ons die genade van God verwerf het.
- 2 Korintiërs 5:21 sê dat ons die geregtigheid van God het as gevolg van die kruis.
- Johannes 6:51 leer dat die gevolg van die kruisiging is dat ons die ewige lewe het.

Ons kan dit so saamvat:

- Die doel van Jesus se lyding was dat Hy daarmee vir ons wat skuldig en ongehoorsaam is, die genade van God verwerf het.
- Hy het daarmee die ewige lewe verwerf vir ons wat die dood van die hel verdien vanweë ons sondes.

3. Die Goddelike reg in die lyde van Christus

Christus moes onskuldig deur 'n wêreldregter veroordeel word sodat Hy die skuld vir ander kon dra. Vir ons.

- Volgens die reg van God het die toorn en straf oor die sondes op ons gerus, want ons het die sondes gedoen.
- Die effek daarvan is dat ons gedreig is met verdelging omdat ons God se majesteit geskend het. Die Here het mos die doodstraf oor die sondes uitgespreek.
- Die dood op die aarde (liggaamlike dood) is die simbool van die ewige dood, met ander woorde as daar op geen manier vir ons verlossing bewerk kan word nie, sterf ons die ewige dood wanneer ons voor die regterstoel van God die Almagtige verskyn.

Die Here stel dit in die brief aan die Romeine (8:3, 4) dat Hy Christus in die vlees laat sterf, sodat die sonde in die vlees veroordeel kan word, en die reg van God vervul word.

- Maklik gestel beteken dit dat die oordeel van God oor ons mense verskuif is na Jesus Christus toe.
- Hy is in ons plek veroordeel, en het ook in ons plek die doodstraf gedra.
- Hy was dus voor God se troon as Veroordeelde in die plek van die uitverkorenes.

Daarom is Jesus amptelik deur Pontius Pilatus onskuldig bevind.

- Die betekenis daarvan is dat God sy Seun self onskuldig verklaar het .
- Mens sou selfs kon sê dat tot die duiwel met Pontius Pilatus se uitspraak erken het dat Jesus onskuldig is, omdat Pontius Pilatus ongelowig was.

Maar Hy word tog oorgelewer aan die straf wat geëis word, naamlik die doodstraf.

- Die mense eis dat Hy skuldig verklaar moet word.
- Daarom toon die hele gebeure ook aan dat Hy die skuld vir ons gedra het, want Hyself het geen skuld gehad nie.

Al die eeue deur sukkel mense om dit te kan verstaan. Die Emmausgangers kon dit ook nie begryp nie. Die Here Jesus moes dit vir hulle verduidelik.

- Hy laat hulle verstaan dat dit ter wille van die reg van God oor ons is dat Hy dit alles so geduldig en vrywillig gedra het.
- Hy laat hulle verstaan dat dit ook die rede is waarom Hy die werk so volkome en heilig afgerond het, dat Hy selfs werklik gesterf en weer opgestaan het uit die dood.

Gemeente:

- Ons moet altyd weet en glo dat die lyde van Jesus Christus die deur na die ewige lewe toe vir ons oopmaak.
- Ons moet ons nie skaam vir die lyde van die Here Jesus nie. Ons kan op geen manier gered word nie, behalwe deur die lyde van die Here Jesus Christus – daarom is hierdie lyding vir ons lewensnoodsaaklik.
- Die lyding van Jesus het ons regsposisie voor God verander – so veel dat ons in die oordeelsoomblik deur God regverdig verklaar gaan word in die verdienste van Jesus Christus, ondanks die feit dat ons die ewige dood verdien.

Kom ons lees Kategismus Sondag 15 saam.

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).

(a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom (b).

(a) Joh 18:38; Matt 27:24; Luk 23:14, 15; Joh 19:4. (b) Ps 69:5; Jes 53:4, 5; 2 Kor 5:21; Gal 3:13.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie:

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b)

(a) Gal 3:13. (b) Deut 21:23.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 19-1 (47)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 22 Mei 2011
Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 28 Julie 2013